Dinsdag 24 Junie

**Skrifgedeelte: Jesaja 62:7; 63:1-9; Romeine 5:10, 11; Openbaring 19:11-16**

**Fokusgedeelte: Jesaja 63:7**

**Die Here se troue liefde: bewys, oorvloedig, ontfermend**

Daar is eers ’n magtige Soldaat wat verskyn aan die begin van Jesaja 63. Iemand wat Edom se mense verwoes. Wie is hierdie Soldaat? Die Losser wat na Sion kom om haar te verlos (Jes. 59:20). Hy vertrap die goddelose nasies. Sy bloedbevlekte klere herinner ons aan die Ruiter op die wit perd, in Openbaring 19, wie se klere met bloed deurweek is. “Sy Naam is die Woord van God” (Op. 19:13)!

Tog kom díé Soldaat nie om Jerusalem te vertrap nie, maar om haar te vestig en haar ’n loflied op aarde te maak (Jes. 62:6)! Na Jesaja se sombere boodskap van verwoesting oor Edom, praat die “wagters op die mure” van die Here se liefde vir Israel!

Ons fokusvers begin en eindig met die Here se troue liefde en dit staan in die meervoudsvorm, want die Here se liefde is altyd meervoudig, oorvloedig! Die vers vertel drie dinge rondom hierdie troue liefde van die Here:

1. Die Here het sy liefde bewys
2. Die Here se liefde is oorvloedig en
3. Die Here se liefde is ontfermend

Jesus Christus, die Losser, die Woord van God, die Ruiter op die wit perd het God se oorvloedige, ontfermende liefde ook aan jou bewys:

- Sy liefde is aan ons bewys, omdat die Here ons met Hom versoen het, deur die dood van sy Seun.
- Sy liefde is aan ons in oorvloed bewys, omdat Hy ons met Hom versoen het selfs toe ons nog sy vyande was.
- Hy ontferm Hom oor ons in sy liefde, en sal ons nie vertrap nie, maar ons in Jerusalem vestig om ’n loflied vir Hom op aarde te wees!

Sing: Skrifberyming 8:1-5

Ds. GM (Marnix) Boersema (Pretoria-Meintjeskop)